

30 September

Skrifgedeelte: Matteus 26:1-16

Fokusgedeelte: Matteus 26:13,15

Jesus word beoordeel

Mense wat na aan die Here Jesus leef, kan Hom verskillend beoordeel.

Maria het 'n spesiale verhouding met Jesus gehad. Wanneer Martha haar suster verwyt dat sy aan die voete van Jesus sit terwyl daar soveel werk was wat gedoen moes word, was Jesus se antwoord (Luk 10:42b): "Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie." Maria het die dinge gekies wat ewigheidswaarde gehad het. Dit word ook duidelik toe haar broer sterf. Met die aankoms van Jesus getuig haar woorde van haar beoordeling en verwagting van Jesus (Joh 11:32b): "Here as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie." Toe Jesus haar hartseer sien, vertel Johannes (11:33), "het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan." Uit Matteus se verhaal van 'n liefdesgebaar wat materiële grense deurbreek, kom Maria se ingesteldheid op die dinge wat ewigheidswaarde het, weer eens na vore. Sy het 'n fles nardusolie, wat driehonderd silwermuntstukke werd was, op Jesus uitgegooi.

Die dissipels was baie ontsteld hieroor, omdat hulle dit as 'n vermorsing beskou het. Johannes sê dat Judas, wat ook beswaar gemaak het, nie werklik oor die armes besorg was nie. Hy het hom persoonlik uit die bydraes verryk. Sy verhouding met die Here Jesus word weerspieël toe hy Jesus aan die priesterhoofde verkoop het. Dit is ook 'n aanduiding van sy ingesteldheid op tydelike dinge en om eerder sy tydelike behoeftes te bevredig. Hy het Jesus vir dertig silwermuntstukke verkwansel.

Maria het nie omgegee om tien keer meer op Jesus te "verkwis" nie.

Watter soort ingesteldheid word in jou lewe weerspieël?

Sing: Skrifberyming 17:1,6 Ds RP van Wyk (Grassy Park)